



**LAERSKOOLOONSTANTIAPARK**  
**VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT**  
**LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S**

Ek, (skryf asseblief volle name netjies in blokletters) \_\_\_\_\_, verleen hiermee toestemming aan **Laerskool Constantiapark** om foto's/beeldmateriaal/video's van my kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skool se fotogalery kan insluit.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van



enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat beeldmateriaal en video's op webtuistes, as gevolg van wêreldwye toegang tot die internet, dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

**Naam van leerling:** \_\_\_\_\_

**Naam van ouer/voog:** \_\_\_\_\_

**Adres:** \_\_\_\_\_

**Stad:** \_\_\_\_\_ **Poskode:** \_\_\_\_\_

**Telefoonnommer:** \_\_\_\_\_

**Handtekening van ouer/voog:\*** \_\_\_\_\_

**Datum:** \_\_\_\_\_

\*Leerders van 18 jaar of ouer mag hierdie vrywaringsvorm self onderteken.